



Afrikaans
WEEK 5
WOENSDAG

Graad 5

IDIOME:

GEE DIE IDIOOM VIR DIE VOLGENDE

1. Die grootste skelm verantwoordelike werk gee.
2. Word gesê van iemand wat homself prys.
3. 'n Persoon wat niks besit nie.
4. As daar tegelyk reën en sonskyn is.
5. Klein foutjies maak groot moleste.



ANTWOORDE:

- 1. Vir jakkals/wolf skaapwagter maak.
- 2. Jakkals prys sy eie stert.
- 3. 'n Kaal jakkals.
- 4. Jakkals trou met wolf se vrou.
- 5. Dis die klein jakkalsies wat die wingerde verniel.



SPEL EN TAALLEER

Woorde met d/t en v/f

Omdat hierdie letters dieselfde klink is dit is maklik om spelfoute te maak!

A. Woorde wat eindig op v/f


Dele van jou lyf en dinge wat met plaasdiere te doen het word gewoonlik met 'n “v” gespel, bv. voet, vinger, vel, volstruis, voer, veer...

Die voorvoegsel “ver-” word ook altyd met 'n “v” gespel, bv. verniel, vermaak, verjaar,...

Dinge wat 'n mens kan wees, begin gewoonlik met 'n “f”, bv. fyn, fraai, fier, fiks, familie...

Onthou dat ons nie een enkele woord in Afrikaans kry wat op 'n “v” eindig nie!

- fiets, film, fluks, familie, fiks, fees, fyn, fier, laf,
- koffie, self, toffie, kalf, gerief, fluit, fluister,
- frommel, fontein, flenters, fop
- vinnig, vin, vis, viool, vanaand, vet, vark, valk,
- venster, vuil, vermoor, val, voor, vlinder,
- vra, voet, vinger, vel, volstruis, voer, vee



B. Woorde wat einfig op d/t

- As jy nie seker is of 'n woord op d of t eindig nie, probeer om die woord se meervoud te vorm of die woord te verbuig.
- As jy in die woord se meervoud 'n “d” hoor, sal die woord in die enkelvoud ook met 'n “d” gespel word. Byvoorbeeld: lid-lede
- Leer die volgende woorde:


D-WOORDE: dood, bloed, bed, geld, veld, hard, hand, kind, grond, moord, baard, bord, brand, altyd, hond, speld, hoed

T-WOORDE: hart, swart, beurt, tent, groot, voet, hut, tert, grot, kat, neut

C. Oefening – voltooi die woord

Voltooi die woord deur die regte letter te skryf in die spasie waar weggelaat.

- 1. _lamink
- 2. _erloor
- 3. _ader
- 4. _oltooi
- 5. kal_
- 6. pa_
- 7. voe_sel
- 8. doo_
- 9. swar_
- 10. swaar_



ANTWOORDE

Voltooi die woord deur die regte letter te skryf in die spasie waar weggelaat.

- 1. **f**_lamink
- 2. **v**_erloor
- 3. **v**_ader
- 4. **v**_oltooi
- 5. kal_**f**
- 6. pa_**d**
- 7. voe_**d** sel
- 8. doo_**d**
- 9. swar_**t**
- 10. swaar_**t**

D. Oefening – kies die regte woord:

Kies die woord wat reg gespel is uit woorde wat volg.

- 1. foedsel / voetsel / voedsel/ foetsel
- 2. soet / soed
- 3. gelt / geld
- 4. bloed / bloet
- 5. groot / grood
- 6. vamilie / familie
- 7. baard / baart
- 8. bed / bet
- 9. hud / hut
- 10. tert / terd

ANTWOORDE:

D. Oefening – kies die regte woord

Kies die woord wat reg gespel is uit woorde wat volg:

- 1. foedsel / voetsel / **voedsel** / foetsel
- 2. **soet** / soed
- 3. gelt / **geld**
- 4. **bloed** / bloet
- 5. **groot** / grood
- 6. vamilie / **familie**
- 7. **baard** / baart
- 8. **bed** / bet
- 9. hud / **hut**
- 10. **tert** / terd



LEES: In hierdie les gaan jy 'n storie hardop lees en daarna bespreek.

ONTHOU: Konsentreer op jou intonasie (stemtoon) en op leestekens. Maak ook seker dat jou volume nie te hard of te sag is nie, en maak seker dat jy nie te vinnig lees nie. Probeer ook om alle woorde reg uit te spreek! Beste vriende

Adrie en Bianka was al van Graad 2 af beste vriende en het langs mekaar gewoon. Hulle het amper elke dag bymekaar gespeel...wanneer hulle nie weer kwaai-vriende was nie!

Hulle het verskil soos dag en nag. Adrie was baie lief vir skool en het hard gewerk, en het baie boeke gelees en ballet gedoen. Bianka wou liever sokker speel of met klasmaats gesels en het gesukkel om lank genoeg stil te sit om 'n hoofstuk van 'n boek te lees.

Adrie en Bianka het dikwels in die parkie oorkant hulle huise gespeel. Soms het hulle op die klimraam gespeel, en dikwels ook met die ander kinders van die omgewing sokker gespeel. Op reëndae het hulle by mekaar se huise gekuier en geteken of geverf of video speletjies gespeel. Party dae kon hulle ure lank saamspeel sonder enige probleme, maar ander dae kon hulle net nie saamstem oor wat om te speel nie.

“Kom ons gaan speel op die klimraam. Ons het al drie dae lank elke middag sokker gespeel!”, het Adrie gesê.

“Hulle het nounet die gras gesny. Ek is mal daaroor om sokker te speel as die gas lekker kort is. Ek wil nie op die klimraam speel nie!”, het Bianka geantwoord.

“Ons doen altyd wat jy wil doen, Bianka! Dis vandag my beurt om te kies!”, het Bianka vies gekla.

“Oukei, gaan klim jy maar alleen op die klimraam. Ek gaan sokker speel!”, het Bianka gegil.

Adrie het weggeloop. Sy was briesend. Toe sy by die huis kom, het sy besef dat sy nog Bianka se klaswerkboek gehad het. “Ek gaan dit nie vandag vir haar terugvat nie, ek is veels te kwaad vir haar”, het Adrie gedink.

Die volgende oggend by die skool wou hulle juffrou die boeke inneem om te merk. Bianka het nie haar boek gehad nie, en moes vir die juffrou vra of sy dit die volgende dag kon bring. In Juffrou Swart se klas kon almal een keer hulle huiswerk vergeet sonder om gestraf te word, en dit was nou Bianka se tweede keer. Adrie was in ’n tweestryd met haarself. Sy het geweet sy moes eintlik vir Juffrou Swart sê dat dit nie Bianka se skuld was nie, maar aan die ander kant was sy ook nog steeds vies vir Bianka.

Toe die klok vir pouse lui, bly Adrie agter in die klas.

“Juffrou Swart, ek het Bianka se klaswerkboek. Ek is regtig jammer. Ek weet ek mos netnou al vir Juffrou gesê het, maar ons het gister baklei en ek is eintlik altyd nog kwaad vir haar. Kan Juffrou asseblief vir ons help om alles uit te praat?”


“Dankie dat jy so eerlik is, Adrie. Ek is seker dat Bianka baie bly sal wees as sy hoor dat jy haar boek vir my gegee het en dat sy nou nie ’n slegte punt gaan kry nie. Dis moeilik om ’n probleem uit te praat as mens nog kwaad is.”

Pousetyd het Juffrou Swart met die meisies gesels. Hulle het vertel dat hulle altyd vir mekaar kwaad raak omdat hulle nie kon saamstem oor wat hulle wou speel nie. Hulle het agtergekom dat hulle nooit hulle probleem kon oplos nie, omdat een van hulle altyd huis toe gehardloop het in plaas daarvan om dit uit te praat. Juffrou Swart het voorgestel dat hulle dalk nie elke dag moes saamspeel nie, en dat wanneer hulle mekaar sien, hulle sal beurte maak om 'n speletjie te kies.

Adrie en Bianka het regtig gehoop dat dit hulle probleem sou oplos!

Dink goed na oor die volgende vrae:

- 1. Wat is die verskille tussen Adrie en Bianka?**
- 2. Hoe lank ken hulle mekaar, as hulle nou in Graad 5 is?**
- 3. Watter speletjies speel hulle soms in die middag?**
- 4. Watter ander oplossings kon hulle vir hulle saamspeel-probleem gekry het?**
- 5. Raak jy ook soms kwaad vir iemand en sukkel dan om die probleem uit te praat?**



Noem 'n voorbeeld.

6. Dink jy mens kan goeie vriende wees al hou mens van verskillende dinge?

7. Wat, dink jy, was Bianka se emosie toe sy agtergekom het dat haar boek nie by die skool was, en dat sy gestraf gaan word?

8. Wat, dink jy, was Adrie se se emosie toe sy gesien het hoe Bianka voel?

9. Wat sal 'n goeie titel vir die storie wees?

10. Vertel die storie oor in jou eie woorde.

